## Hoofstuk II

## DIE STAND VAN DIE ONDERWYS VOOR 1950

### A. Faktore wat die onderwysontwikkeling beïnvloed het, 1939-1950

#### 1. Die Tweede Wêreldoorlog 1939-1945

Toe die Tweede Wêreldoorlog in September 1939 tussen Duitsland aan die een kant en Engeland en Frankryk aan die ander kant uitgebreek het, het die vraagstuk van Suid-Afrika se deelname 'n breuk in die geledere van die koalisieregering van genl. J.B.M. Hertzog laat ontstaan. Genl. Hertzog is in 'n hoofdelike stemming verslaan en moes bedank. Genl. J.C. Smuts het die bewind aanvaar en Duitsland summier die oorlog aangesê.[1]

Grootskaalse mobilisasie op vrywillige basis het gevolg. Ofskoon Suid-Afrika vyandelikhede op eie bodem gespaar gebly het, het hierdie grootskaalse mobilisasie en binnelandse politieke beroeringe gesorg vir 'n diepgaande oorlogpsigose wat nie bevorderlik was vir gesonde en bestendige onderwysontwikkeling nie. Verdeeldheid tussen die twee taalgroepe het verskerp en volksverdeeldheid in Afrikanergeledere was aan die orde van die dag.

Dat 'n emosionele opwelling ook in die skole posgevat het, was alleen natuurlik. Die Departement moes per omsendbrief waarsku dat onderwysers hulle van aktiewe deelname aan die politiek moes weerhou en moes ook ondersoek laat instel na aanklagte van dié aard.[2]

Sedelike vervlakking of soms verval, gesinsontwrigting, gebroke ouerhuise en 'n algemene toename in mate=

1) Van Jaarsveld, F.A. en Scholtz, G.D. Die Republiek van Suid-Afrika, p.175.
2) T.O.D.-verslag, 1939, p.35.

rialisme, is alles gevolge van 'n oorlog wat vanselfsprekend ook baie diep in die onderwys insny. Suid-Afrika het hieraan ook nie ontkom nie en die invloede was etlike jare nog merkbaar in die onderwys.[1]

Op materiële gebied sou die Oorlog ook sy uitwerking laat voel. Skoolvoorrade het boomskraap geraak en die bouprogram het tot stilstand gekom. Die reeds bestaande onderwyserstekort is aansienlik verskerp deurdat byna 400 onderwysers by die militêre magte aangesluit het. Hierdie toestande is vererger deur 'n buitengewone toename van leerlinge in die stedelike gebiede. In Pretoria en aan die Rand alleen het die getalle gestyg van 69 000 in 1941 tot 82 000 in 1944. Dit was 'n toename van 19,2 persent.[2] Die leerlingtoename vir die provinsie as geheel het tussen 1939 en 1943 neergekom op 10,8 persent en die kapitaaluitgawes het noodgedwonge gedaal van R1 010 000 tot R320 000 vir dieselfde tydperk.[3] Die bestaande R-vir-R-hulp aan skole is opgehef en selfs die toelating is beperk toe vanaf die derde kwartaal 1940 slegs kinders bo die ouderdom van $6\frac{1}{2}$ jaar tot die skole toegelaat is.[4]

Na die staking van vyandelikhede in 1945 sou dit nog 'n paar jaar duur alvorens agterstande uitgewis en toestande weer so normaal sou wees dat onderwysontwikkeling weer sy normale gang sou kon gaan.

---

1) Keyter, J. de W. Die opvoedingsideaal en opvoedingstrewe van die Afrikaner. (In Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, Deel II, p.357).

2) T.O.D.-verslag, 1944, p.3.

3) T.O.D.-verslag, 1943, p.9.

4) Id., 1940, p.10.

## 2. Die Nasionale Party aan bewind in 1948

Met die eerste na-oorlogse verkiesing in Mei 1948 behaal die Nasionale Party 'n onverwagte oorwinning oor die Verenigde Party van genl. J.C. Smuts. Die oor=logspoging self en die daaropvolgende hervestiging van soldate was so 'n groot taak dat ander landsbelange in hoë mate in die gedrang gekom het. Dit, en 'n reeds bewese natuurlike reaksie na 'n oorlog, het tot die val van die regering gelei en die Nasionale Party onder lei=ding van dr. D.F. Malan het aan die bewind gekom.[1)]

Benewens 'n algemene beleid, het daar ook 'n radi=kale verandering in onderwysbeleid gekom, veral toe die Nasionale Party ook met die provinsiale verkiesing in 1949 in Transvaal aan die bewind gekom het. Die om=strede Taalordonnansie van 1945, wat dubbelmediumonder=wys verpligtend gemaak het, word vervang deur Ordonnan=sie Nr.19 van 1949 wat moedertaalonderwys in ere herstel het.[2)]

Die tydperk 1945-1949 was dan ook gekenmerk deur menige politieke stofstorm en veral op provinsiale vlak was dit bepaald nie in belang van die onderwys nie. Hierna sou daar politieke bestendigheid intree wat dan die tydperk 1950-1963 vir die onderwys gevrywaar het van die ontstuimigheid van die voorafgaande tydperk.[3)]

---

1) T.O.D. Onderwysburo, Werkstuk 112. Onderwysont=wikkeling in Transvaal, 1950-1963. p.4.
vgl. ook Van Jaarsveld en Scholtz, op.cit., p.181.

2) T.O.D.-verslag, 1949, p.8.

3) Vgl. The Pretoria News, 4 Okt. 1949.
Vgl. ook Van Wyk, dr. A.H. du Preez. Soos aange=haal in Dagbreek en Sondagnuus, 22 Maart 1953.

3. Die inwyding van die Voortrekkermonument, 16 Desember 1949

Die Voortrekkermonument is vanaf sy hoeksteenlegging op 16 Desember 1938 tot sy inwyding elf jaar later nou ineengeweef met die wel en die wee van die Afrikanervolk in hierdie gebeurtenisvolle tydperk. Die feesverrigtinge het ook op onderwysgebied direk en indirek 'n besondere rol gespeel. Met die hoeksteenlegging en simboliese ossewatrek in 1938 het skole oor die lengte en breedte van die land aan die feesverrigtinge deelgeneem en die Voortrekkerbeweging was ook verantwoordelik vir die fakkelloop.[1)]

Die verrigtinge het in 1949 ter voorbereiding van die inwyding dieselfde patroon gevolg. Opnuut is rapportryers oor die lengte en breedte van die land feestelik ontvang en 250 000 mense het die hoogtepunt op 16 Desember 1949 bygewoon.[2)]

Georganiseerde besoek vir alle leerlinge wat nie saam met hulle ouers kon kom nie, is gereël deur 'n subkomitee van die Inwydingskomitee en vervoer en verblyf is vir die leerlinge gereël van die 13de tot die 17de Desember.[3)]

'n Oproep is ook deur die T.O. aan sy lede gerig om leerlinge betyds in volksang en volkspele af te rig en om hulle aan te moedig om die feesverrigtinge in Voortrekkerdrag by te woon.[4)]

---

1) T.O.D.-verslag, 1938, p.8.
2) U.K. van Transvaal. Die Transvaalse amptelike gids, p.54.
3) T.O.D.-omsendbrief nr. 57 van 1949.
4) T.O. Onderwysblad, 1 Nov. 1949.

Sulke volksgebeure skep 'n opvoedkundige dampkring waarna elke ware opvoedkundige reikhalsend uitsien. Dit skep opvoedingsmomente buite die klaskamer waaraan die kind op onwillekeurige wyse deelgenoot word. 'n Kind, immers, wat in die volkseie en -tradisie geanker is, is 'n kind wat vanself wars is van volksvreemde weë wat tot sy ondergang kan lei.

4. <u>'n Toenemende verstedeliking</u>

Die industrialisasie van Suid-Afrika het sy groot=ste stoot gekry gedurende die Eerste Wêreldoorlog van 1914-1918. Dit het noodwendig gelei tot 'n verstede=liking wat konstant voortgeduur het tot by die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939. Die landbou het nog gelykgeloop met die fabriekswese en die mynbou tot ongeveer 1935 en vandaar het die mynbou die voortou ge=neem en op sy hakke het die fabriekswese gevolg sodat hulle albei die landbou teen 1945 met ± R80 miljoen voor was. Die gevolg hiervan was dat die stedelike bevolking gemiddeld meer as vyf maal so vinnig gegroei het as die plattelandse bevolking. Teen 1936 was die verhouding reeds 65:35.[1)]

Hierdie verstedeliking het ook 'n gepaardgaande karakterverandering meegebring en afgesien van die be=hoefte aan fisiese middele wat dit vir die onderwys meegebring het, het dit ook gelei tot 'n besef dat daar onderwyshervorming moes plaasvind; dit was dus 'n by=draende faktor tot die eksperiment wat met junior hoër=skole en skoolplase gevolg het.

---

1) Schumann, C.G.W. Die Ekonomiese Ontwikkeling van die Afrikaner. (<u>In</u> Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, pp.448-450).

## B. Onderwysbeleid voor 1950

### 1. Die Nicol-kommissie, 1937-1939

Transvaal was die ander provinsies en die destydse Departement van Unie-Onderwys ver vooruit in die besef van die behoefte om die onderwysstelsel deur 'n provinsiale kommissie grondig te laat ondersoek. In 1937 word 'n Onderwyskommissie onder voorsitterskap van dr. Wm. Nicol deur die Administrateur, mnr. Simon Bekker, benoem met die opdrag om aanbevelings te doen om die doeltreffendheid van die onderwysstelsel te verbeter en om dit te laat aanpas by moderne ontwikkelinge op opvoedkundige gebied. [1]

Natal het eers tien jaar later gevolg met so 'n provinsiale kommissie, nl. die Wilks-kommissie. In 1949 volg die verslag van die Kommissie insake Tegniese en Beroepsonderwys (beter bekend as die De Villiers-kommissie) vir Unie-onderwys en in 1951 volg beide O.V.S. en Kaapland met onderskeidelik die Pretorius-verslag en die Verslag van 'n Departementele Komitee.

Die Nicol-verslag het in Junie 1939 die lig gesien nadat administrateur Bekker reeds oorlede was. Dit was 'n monumentale werk wat vandag nog met eer naas onlangse verslae aangehaal word. Die Kommissie het hom by sy aanbevelings laat lei deur algemene grondbeginsels van die onderwys wat met betrekking tot spesifiek Transvaalse toestande vertolk en toepaslik gemaak is. [2]

---

1) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie. T.P. Nr. 5, 1939, p.5. (Hieronder genoem die Nicol-verslag, 1939).

2) T.O.D.-verslag, 1939, p.13. Vgl. ook Nicol-verslag, 1939, par. 27.

Die aanbevelings was drieledig van aard, nl.:

a. aanbevelings wat onmiddellik uitgevoer kon word;
b. dié waarvoor eers finansiële voorsiening gemaak moes word;
c. dié waarvoor wetswysiging nodig was.

Aan die meeste aanbevelings onder eersgenoemde was reeds uitvoering gegee, soos bv. sentralisasie, junior hoërskole en skoolplase, en is deur die Kommissie goed=gekeur. Die tweede reeks waarvoor finansieel voorsie=ning gemaak moes word, was die uitbreiding van mediese dienste, beroepsvoorligting, verdere sentralisasie, ver=voerskemas, koshuise, spesiale klasse, ens. Omdat die uitvoering van die aanbevelings deur die Tweede Wêreld=oorlog in die wiele gery is, moes dit 'n geruime tyd oorstaan. Die derde groep sou moes wag vir die aanbe=vole gekonsolideerde ordonnansie wat weens omstandighede eers vyftien jaar later in werking getree het. (Or=donnansie Nr.29 van 1953). [1]

Die wyse waarop die Nicol-kommissie te werk gegaan het, het die waarde van die verslag as opvoedkundige dokument beslis laat styg. By wyse van 'n inleidende hoofstuk is die beginsels geskets wat as grondslag vir die aanbevelings moes dien en daarna is die hele onder=wysstruktuur vanaf die Administrateur tot by die gering=ste opsigter onder die ontleedmes geneem. Elke aan=geleentheid word met byna ensiklopediese deeglikheid bespreek, besinnend oorweeg en met 'n aanbeveling afge=handel.

---

1) Bot, A.K. Die Ontwikkeling van Onderwys in Trans=vaal, 1836-1951, p.116.
Vgl. Nicol-verslag, 1939, par. 28 en 29.

Die Nicol-verslag het die onderwys in Transvaal in sy hele opset geraak en daar sal voortdurend in hier= die hoofstuk verder en waar toepaslik in die res van die studie daarna verwys word.

## 2. Gedifferensieerde Middelbare Onderwys

### a. 'n Verskil in benadering

Hierdie onderwysbeginsel behels die omvattendste opvoeding van die kind na sy besondere aard en aanleg. Hy moet na sy vermoë kan vorder in 'n bepaalde rigting in 'n onderwysstelsel wat vir hom altyd die deure na elke geleentheid oophou. Dit is dus daarop gerig om die menspotensiaal in sy wydste sin te benut.[1]

Differensiasie kan na buite plaasvind, d.w.s. in besondere skooltipes - elkeen na die aard van sy beson= dere doelstelling, of dit kan na binne gerig wees, d.w.s. waar voorsiening gemaak word vir elke behoefte in een en dieselfde skool.[2] Dit was dan ook die verskil tussen die benadering van voor 1950 en dié daarna. Die begin= sel as sulks was alreeds lank voor 1950 'n erkende stre= we, maar kon weens omstandighede en 'n verkeerde benade= ring nooit tot sy reg kom nie.[3] Daar is toe gepoog om dit na buite te laat slaag in verskillende middelbare skoolti= pes. Na 1950, met die invoering van die sg. nuwe onderwysbe= leid, is differensiasie na buite laat vaar en is die heil gesoek in 'n stelsel van differensiasie na binne en is alles in die stryd gewerp om daarvan 'n sukses te

---

1) Theron, J.L. Die wese en funksie van die kompre= hensiewe skool, p.2. Vgl. ook National Union of Teachers. Inside the comprehensive school, p.139.
2) T.O.D.-verslag van oorsese sending i.v.m. gedif= ferensieerde middelbare onderwys, pp.59-69.
3) T.O. Onderwysblad, 1 Okt. 1950, p.5.

maak. Dit skyn of dit voor 1950 'n sydelingse strewe was; na 1950 het dr. Van Wyk dit sy hoofstrewe gemaak en het dit ook die hoofkenmerk van die tydperk 1950-1963 geword.

b. Differensiasie na buite

(1) Die Hoërskool

Hierdie skooltipe, met sy oorwegend akademiese karakter, was in menige geval die trots van die dorp, en ouers het hul kinders graag daarheen gestuur ongeag aanleg of bekwaamheid. Die tol wat hul hiervoor betaal het, was egter baie hoog; slegs 10% van die leerlinge wat in st. VI of VIII daar aangeland het, het daarin ge=slaag om die Eindsertifikaat van die Middelbare Skool te behaal. As differensiasie na buite streng toegepas was, moes die 90% dus nooit in hierdie skooltipe gewees het nie.[1]

Dit was ook die bevinding van die Nicol-kommissie en hulle beveel gevolglik aan dat die eerstejaarsleer=planne van die hoërskool en die junior hoërskool nie veel moet verskil nie sodat daar 'n tydige oorplasing van die een na die ander kan plaasvind.[2]

In die plattelandse distrikte het hoërskole gestaan waar die getalle nouliks hulle bestaan regverdig het. In die stede was dit andersom en is leerlinge toegang tot hoërskole geweier weens gebrek aan plaasruimte. Aan die kleiner hoërskole het haas geen vakkeuse bestaan nie want daar was eenvoudig nie personeel beskikbaar vir sulke onekonomiese groepies nie. Klein of groot, die

---

1) T.O.D.-verslag, 1939, p.19.

2) Nicol-verslag, par. 279.

meeste het hulle, uit 'n oordrewe eerbied vir die Matrikulasiesertifikaat, slegs bepaal by die vakke wat deur die G.M.R. vereis word. [1]

Die mikpunt was universiteitstoelating, en alle leerlinge moes hierdie onbuigsame kursus volg en is soos vee deur 'n drukgang gedryf ter wille van ongeveer 5% wat uiteindelik na die universiteit gegaan het. Die hele skolastiese program is voorgeskryf deur die eise van 'n eksamen wat van buite af opgelê is in plaas daarvan dat die eksamen 'n toets van gedane werk was. [2]

Hierdie toestand het nie net in Suid-Afrika gegeld nie. Ook uit die V.S.A. kom op dieselfde tydstip 'n soortgelyke beswaar: „The universities, although the apex of the educational system, are a major obstacle to what many believe to be the proper direction of educational advance, because they tend to force the secondary school curriculum into a pattern that will serve their rather narrow specialist demands, and so hinder the natural growth of secondary education in response to its own problems." [3]

Die Nicol- en die De Villiers-verslag het albei hierdie ongesonde toestand veroordeel. Eg. het aanbeveel dat daar twee eksamens moes wees, nl.een vir 'n skooleindsertifikaat en die ander vir toelating tot die universiteit. Die beleid van 'n eksamenstelsel wat terselfdertyd as 'n universiteitstoelatings- en 'n skooleindeksamen moes dien, is allerweë as ondoeltreffend en uitgedien beskou. [4]

---

1) Nicol-verslag, par. 268.
2) Lötz, J.v.Z. Die ontwikkeling van middelbare onderwys in Transvaal (In Onderwysbulletin, 10,2: p. 533; 10,2: p.533).
3) Hemming, J. Teach them to live, p.9.
4) Nicol-verslag, par.203 soos aangehaal deur Lotz,op. cit., p.535.

Vir universiteitstoelating moes 'n kandidaat min= stens 40% in vier vrystellingsvakke behaal en 33⅓% vir die vyfde en sesde vak. Vir die Eindsertifikaat was die twee amptelike tale en 'n wetenskaplike vak verplig= tend en die ander drie kon nie-vrystellingsvakke wees. Om te slaag, moes 33⅓% in die twee amptelike tale en drie ander vakke behaal word. [1] Op skrif lyk dit na 'n redelike vorm van differensiasie, maar in die praktyk het dit daarop neergekom dat almal dieselfde kursus ge= volg en dieselfde eksamen geskryf het en indien hulle nie voldoen het aan die vereistes vir universiteitsvry= stelling nie, is die pogings opnuut oorweeg in die lig van die vereistes vir die Skooleindsertifikaat.

Die wantoestand het ontstaan dat die leergange by die eksamen aangepas word i.p.v. andersom en op sy beurt het dit weer gelei tot 'n geleidelike oorbelading van die leergange vir die eksamenvakke want geen onderwyser wou hom onkant laat betrap deur die eksamen nie. [2]

Hierdie matriekgerigtheid het die sekondêre onder= wys op twee wyd-uiteenlopende doelstellings laat afstuur, nl. om deur een en dieselfde eksamen twee groepe leer= linge te lewer: dié wat vir die universiteit bestem was en dié wat die gewone lewe moes ingaan. Albei groepe het hierdeur skade gely want nie een was werklik toege= rus nie. „Dit is soos twee mense wat die een oos en die ander noord moet stap. Maar 'n gemeenskaplike fak= tor dwing hulle om noord-oos te stap sodat niemand by sy bestemming uitkom nie." [3]

1) T.O.D. Onderwysburo, Werkstuk 112, p.26. Vgl. ook T.O.D. Transvaalse Eindsertifikaat van die Middelba= re Skool, 1955, pp.44 en 46.
2) Nicol-verslag, par.713.
3) Kotzee, A.L. Die Matrikulasie-eksamen (<u>In</u> Onderwys= bulletin, 1,1: pp.25 en 26).

Albei groepe het ook die voorreg van voorligting ontbeer. Daar is nie vasgestel in watter rigting die kind se aanleg is en of hy bekwaam genoeg is om te ma= trikuleer nie. Die onsuksesvolles het in die een of ander toevallige werk beland waarin hulle dikwels ge= frustreerd en ongelukkig was. [1] Dié wat wel univer= siteitstoelating gekry het, se toerusting was vir sy besondere studierigting soms skamel.

Volgens die vakvereistes van die G.M.R. moet 'n kandidaat in Wiskunde of 'n derde taal slaag om vrystel= ling te kry. Dit bewys die onwankelbare geloof wat dié liggaam in die prognostiese waarde van die vakke vir sukses aan 'n universiteit het. Opname het aan die lig gebring dat 89% universiteitstudente Wiskunde en 69% 'n derde taal en 65% albei vir Matriek gehad het. 90% van hulle het na 'n jaar verklaar dat hierdie skoolstudie vir hulle geen paslike voorstudie tot die universiteit was nie. [2]

Die druipsyfer onder eerstejaars aan die Suid-Afri= kaanse universiteite was dan ook onrusbarend. In 1948 het slegs 56,6% eerstejaars in al hulle vakke geslaag. Hierdie toestand lei daartoe dat studente-erosie, d.w.s. algehele verlies weens staking van kursusse, in Suid-Afrika van die hoogste in die wêreld is. Die gemiddel= de erosie in nege Westerse lande van wie inligting ver= kry is, is 18% teenoor die 35% in Suid-Afrika. [3]

---

1) T.O.D.-verslag van die Komitee insake krediet en eksamenstelsels van onderwyskolleges, p.31.

2) Muller, J.D. This problem of university, entrance requirements and standards (<u>In</u> Onderwysbulletin 1,3: p.146.)

3) Id., p.148.

Dat alles nie pluis was met middelbare onderwys voor 1950 nie blyk daaruit dat die vashouvermoë van die hoërskole vanaf 1920 tot 1950 feitlik staties gebly het ten spyte van die feit dat die skoolbevolking meer as verdubbel het. Vergelyk die volgende syfers:

1920-1924 : 16,7% van st. VI bereik st. X
1930-1934 : 15,8% van st. VI bereik st. X (Depressie?)
1940-1944 : 17,3% van st. VI bereik st. X
1946-1950 : 17,6% van st. VI bereik st. X

Vanaf 1940 het die vashouvermoë slegs met 0,3% gestyg terwyl die middelbare skoolbevolking met 91% gestyg het.[1)] Ter wille van perspektief dien hier gemeld te word dat hierdie syfer in 1962 bykans verdubbel het tot 34% toe.[2)]

Die misstande in die hoërskool van voor 1950 was dus duidelik:

(a) Dit was suiwer akademies van aard en huisves nietemin 'n groot persentasie leerlinge wat nie daarvoor bestem was nie.
(b) Dit moes toeganklik bly vir leerlinge van die junior hoërskool en het daardeur sy identiteit ingeboet.
(c) Dit probeer voorsiening maak vir twee wyd-uiteenlopende rigtings en benadeel albei daardeur.
(d) Dit het oor 'n lang tydperk stagnant gebly en kon nie as inspirasie dien om meer leerlinge tot by st. X te laat aanbly nie, ten spyte van 'n baie groot toename in getalle.

---

1) T.O.D.-verslae vir gemelde jare (Eliminasietabelle). Vgl. ook Onderwysburo, Werkstuk 75. Die toepassing en bevordering van gedifferensieerde onderwys in Transvaal, 1962, p.11.

2) Ibid.

Die Nicol-kommissie beveel aan dat die oplossing gesoek moet word in 'n uitgebreide differensiasie van die middelbare kursus: „Die differensiasie moet net so uitgestrek wees as die verskeidenheid mikpunte wat deur die studente in die vooruitsig gestel word. Die nood=saaklikheid van hierdie differensiasie sal duidelik wees as ons besef dat die lewensdoel van die student nie bloot 'n willekeurige keuse is nie, maar dat dit voortspruit uit die wese van die opgroeiende geslag en dat dit 'n aanduiding is van sy aanleg asook van sy ver=meende toekomstige planne."[1)]

Daar was 57 hoërskole in 1949 waar 1,4% van die to=tale skoolbevolking in st. X was.[2)]

ii. <u>Die Junior hoërskool</u>

Die aanvanklike doel met junior hoërskole was dat hulle besoek sou word deur leerlinge wat nie wou matri=kuleer nie. Hier kon hulle dan 'n st. VI-, VII- of VIII-sertifikaat behaal. In teenstelling met die hoërskool moes die werk dus meer prakties van aard wees sodat die grondslag vir die verskillende beroepe daar gelê kon word. Vanselfsprekend moes die kurrikulum dan by die doel en wese van die skool aanpas.

Weens die matriekgerigtheid was daar egter voor 1950 nog min verskil tussen die vakke wat vir die Junior Ser=tifikaat en vir Matrikulasie geneem is. [3)]

Daar is baie waarde aan die Junior Sertifikaat-eksamen geheg want dit was 'n voorwaarde vir vrystelling van skoolplig voor bereiking van die ouderdom van 16

---

1) Nicol-verslag, par. 270.

2) T.O.D.-verslag, 1949, pp.15 en 18.

3) T.O.D.-verslag, 1950, pp.71 en 72. Vgl. ook D.O. nr.6 van 1944.

jaar.[1] Menige leerling het op dié wyse onryp en swak toegerus die skool verlaat. Vir die junior hoër=skool was die Junior Sertifikaat net so 'n mikpunt as wat die Matrikulasiesertifikaat vir die hoërskool was. Die persentasie leerlinge wat met 'n Junior Sertifikaat na die hoërskool gegaan het, was nie te groot nie. Die volgende tabel toon die erosie duidelik:

Tabel 1[2]

Getal leerlinge wat in junior hoërskole die Junior Ser=tifikaat behaal het en na gewone hoërskole gegaan het:

| Jaar | st.VI | VII | VIII | IX | X |
|---|---|---|---|---|---|
| 1948 | 15 649 | 12 020 | 8 063 | 3 720 | 2 814 |
| 1949 | 17 903 | 12 284 | 8 043 | 3 544 | 2 760 |
| 1950 | 18 640 | 14 324 | 8 590 | 3 759 | 2 778 |
| 1951 | 24 161 | 15 206 | 10 158 | 4 183 | 2 908 |
| 1952 | 22 241 | 18 499 | 10 661 | 4 884 | 3 238 |

Die aftakeling van getalle tussen st. VII en st. VIII is hoofsaaklik toe te skryf aan 16-jariges wat na st. VII die skool verlaat het.

Dié tussen st. VIII en st. IX is dié wat nou 16 jaar geword het plus dié wat in die Junior Sertifikaat-eksamen geslaag het. Gemiddeld was die aftakeling oor die vyf jaar na st. VII 27,0%, na st. VIII 55,9% en na st. IX 27,8%. As ongeveer 10% st. IX's sou druip, is daar nog 17,8% wat die skool verlaat met st. IX as die hoogste sertifikaat.[3]

1) T.O.D. Handboek van instruksies, 1948, p.52.
2) T.O.D.-verslag, 1952, p.46.
3) Loc.cit.

Vanaf 1947 is begin om die junior hoërskole te akkrediteer, d.w.s. vry te stel van die eksterne eksamen en toe te laat om hulle eie bevordering te doen. Die departementele eksamen moes egter nog in die twee ampte=like tale afgelê word.[1]

In 1951 word die eksamen finaal afgeskaf. Leer=linge wat die skool na st. VIII wil verlaat, kan van die Departement 'n gesertifiseerde verklaring kry wat ge=tuig dat hulle dié peil bereik het.[2] Dit was nog 'n gevolg wat in dié verband aan 'n aanbeveling van die Nicol-kommissie gegee is.[3]

In 1949 was daar 34 junior hoërskole in Transvaal. Die gradering was net soos dié van hoërskole. Skole met middelbare afdelings is verdeel in Groep I wat van middelbare inskrywing afgehang het en Groep II waar die totale inskrywing in aanmerking geneem is.[4]

In ooreenstemming met die aanbevelings van die Lynch-komitee in 1949 is die junior hoërskole na 'n kortstondige bestaan van 14 jaar afgeskaf.[5] Die sa=mestelling van die skole het van die begin af die kiem van ontbinding in hom omgedra om die volgende redes:

(a) Die verdeling van leerlinge tussen die hoërskool met sy gevestigde status en die nuwe junior hoërskool op grond van verstandsvermoë het van die staanspoor af 'n stigma aan lg. laat kleef en ouers in verset ge=bring.

---

1) T.O.D.-verslag, 1948, p.6.
2) T.O.D.-Handboek van instruksies, 1948, p.72.
3) Nicol-verslag, par. 710.
4) T.O.D.-verslag, 1949, p.15. Vgl. ook T.O.D.-Handboek van instruksies, 1948, p.18.
5) T.O.D.-verslag, 1949, p.8.

(b) Die reeds-vermelde aanpasbaarheid van die kurrikulum met die doel om die pad na die hoërskool oop te hou, het van die skole vis nòg vlees gemaak want hierdeur is hulle verhinder om 'n volwaardige praktiese kursus aan te bied. As hulle trou aan hulle aard moes wees, moes hulle eintlik in beroepskole ontwikkel het.

(c) 'n Kloof het ontstaan tussen die junior hoërskool met sy praktiese inslag en die hoërskool met sy akade= miese inslag en dit het gedreig om klasseverskille te laat ontstaan wat lynreg teen ons aard is.[1)]

Gedurende die bestaan van die skole is daar goeie werk gedoen en aan ywer en bekwaamheid het dit by die onderwysers nie geskort nie. Dit moet slegs beskou word as 'n opvoedkundige proefneming wat misluk het. Diffe= rensiasie sou uit 'n ander gesigspunt benader moes word.

iii. Die Skoolplaas

In 1935 is 'n aanvang gemaak met die skoolplaas= stelsel. Skoolplase is op plekke op die platteland ge= stig waar hulle deeglik tot hulle reg kon kom en waar daar 'n besliste behoefte bestaan het.[2)]

Dat hulle met opregte bedoelings in die lewe geroep is, kan nie betwyfel word nie. Hulle kan beskou word as plattelandse junior hoërskole met die spesifieke op= drag om by die kind 'n liefde vir die platteland en die plaaslewe in te boesem. Ons vind 'n byna teenstrydig= heid in hulle ontstaan daarin dat die stigting saamgeval het met die sentralisasiebeleid van administrateur S.P. Bekker en deel daarvan was en terselfdertyd moes hulle

---

1) T.O. Onderwysblad, 1 Oktober 1950, p.5.

2) T.O.D.-verslag van Komitee insake Landbou-onderwys, 1953, p.7.

dien as teenvoeter teen die ontvolking van die platteland wat deels deur sentralisasie aangehelp is.[1] Hulle het dan ook gehelp om 'n einde te maak aan die hooggeroemde maar uiters onekonomiese plaasskooltjies en tog daarin geslaag om die landelike gees te behou.

Deur hierdie stelsel kon die plaaskind sy agterstand wat die voorreg van gedifferensieerde onderwys betref, by die dorpskind inhaal. Die kurrikulum het voorsiening gemaak vir tegniese, huishoudkundige en landboukundige rigtings en die verteenwoordigende leervakke is oorwegend op 'n praktiese of toegepaste grondslag gedoseer.[2]

Ons vind hier goed toegeruste huishoudkundesentrums, hout- en metaalwerksentrums, laboratoriums, moderne koshuise, elektriese krag, doeltreffende plaasgeboue en stalle vir lewende hawe asook voldoende landbougrond en weiding.[3]

Die landelike omgewing van die skoolplaas maak daarvan 'n ideale opvoedingsoord. Die bedrywighede word sodanig georden dat dit die maksimum geleentheid vir studie bied terwyl die nuttigheids- en ontspanningsfaktore in die regte verhouding teenoor die verstandelike bedrywighede staan. Die hele lewe van die kind word deur opvoedkundiges gereël, wat in die stede by uitsondering die geval is.[4]

Die gradering was in 1948 dieselfde as vir hoërskole en junior hoërskole, nl. Klasse A, B en C met 400+, 300+ en 300- leerlinge op die rol.[5] In dieselfde jaar was daar 10 sulke skoolplase met 'n totale inskrywing van 2 545 leerlinge.[6] Op 'n gemiddelde basis was hierdie skole dus almal Klas C, wat bepaald bui=

---

1) Coetzee, J. Chr.e.a. Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1956, p.305.
2) T.O.D.-verslag, 1945, pp.15 en 16.
3) T.O. <u>Onderwysblad</u>, 1 Sept. 1947, p.19.
4) Id., <u>1 Jan. 1949</u>, p.3.
5) T.O.D. Handboek van instruksies, 1948, p.10.
6) T.O.D.-verslag, 1948, p.14.

te verhouding was tot hul anderssoortigheid en die vermeerderde verantwoordelikheid wat daaraan verbonde was. Die inkonsekwensie hiervan word eers besef as in aanmerking geneem word dat van dieselfde skole later hoër landbouskole geword het met 'n gradering van HA.[1]

Hoe lofwaardig die argumente vir hulle ontstaan ook al mag gewees het, hierdie skoolplase het, nes die junior hoërskole, ook nie aan hul doel beantwoord nie. Nes by die ambagskole het daar ook 'n stigma aan hulle gekleef.[2] Die Lynch-verslag het ook aanbeveel dat hulle moes ophou om te bestaan.[3]

Van die 10 skoolplase wat in 1950 bestaan het, is ses opgegradeer tot hoër landbouskole en die res het plattelandse laerskole geword.[4]

Waar die Nicol-kommissie sy seën uitgespreek het oor die skoolplaasstelsel [5] het hy ook oor die visie beskik om aan te beveel dat van hierdie skoolplase moes ontwikkel tot volwaardige hoër landbouskole,[6] en die uitbouing hiervan sou die taak van die Departement in die 1950-dekade wees.

---

1) T.O.D.-Handboek van instruksies, 1956/57, p.2.
2) T.O.D.-verslag, 1947, p.72.
3) T.O.D.-verslag van die Departementele Komitee oor die Rapport van die De Villiers-kommissie, 14 Aug. 1949, p.19 (voortaan Lynch-verslag genoem).
4) T.O.D.-verslag, 1950, p.15. Vgl. ook Onderwys=buro, werkstuk 112, p.10.
5) Nicol-verslag, par. 324.
6) Id., par. 367.

iv. Landbouvakskole

Hierdie twee skole, Brits en Lagersdrift was tot aan die einde van 1937 onder Unie-Onderwys. Hulle het al vir jare gekwyn en 'n sukkelbestaan gevoer. Omdat die vak Landbou nie sogenaamde verdienwaarde gehad het nie, was landbou-onderwys nie baie gewild nie. Seuns met landbou-opleiding het moeilik werk gekry en, indien wel, teen 'n ontmoedigende besoldiging. Met die baie Bantoearbeid voorhande, was daar vir die Blanke plaas=arbeider geen heenkome nie.[1]

Die twee skole is in 1938 oorgedra na die Transvaal=se Onderwysdepartement. Hulle het slegs 22 leerlinge gesamentlik gehad en was werklik op sterwe na dood. Bestaansreg het hulle eintlik nie gehad nie want die koste van R616 per leerling kon nie teenoor ander onder=wysinrigtings verantwoord word nie.[2] Vir die T.O.D. moes dit egter 'n saak van beginsel gewees het om hulle oor te neem want dit was 'n deurbraak in die verdeelde beheer wat sedert 1925 geheers het en terselfdertyd was die Departement besig om 'n eie projek met landbou-onder=wys uit te werk met die skoolplaasstelsel.

As provinsiale instellings kon die Departement hulle red deur hulle leerplan so te wysig dat die leer=linge 'n tweejaarkursus met agt vakke sou volg waarvan vier landbouvakke moes wees. Dit sou aan hulle 'n Junior Sertifikaat (Landbou) besorg. Leerlinge van die Brits-landbouvakskool is ook toegelaat om 'n kursus te volg wat aan hulle die Eindsertifikaat van die Middelbare Skool sou besorg. Daar is reëlings getref dat hulle sommige

---

1) T.O.D. Komitee in sake landbou-onderwys, 1953, p.8.

2) T.O.D.-verslag, 1939, p.58.

vakke aan die Hoërskool Brits moes volg.[1]

Dit het dadelik vrugte afgewerp sodat Brits reeds in 1941 oorval was met 60 leerlinge. (Daar was kos=huisakkommodasie vir 50). Lagersdrift het slegs 15 leerlinge gehad en het aan die einde van 1945 tot niet gegaan. Brits het reeds 87 leerlinge gehad toe dit aan die einde van 1947 'n hoër landbouskool geword het.[2] Die koste per leerling was relatief nog hoog, maar teen R271 per leerling was dit meer regverdigbaar as die kos=te by oorname.[3]

Hierdie twee landbouvakskole het saam met die skool=plase die eksperimentele oefenveld gevorm vir die uit=plooiing van landbou-onderwys in die vyftigerjare.

3. Primêre onderwys

Tot 1950 het laer onderwys nog die onderskeiding geniet dat dit die enigste algemene of volksonderwys was waartoe alle leerlinge deur die wet verplig was. Of=skoon dit min gebeur het, kon 'n kind nog in die laer=skool die ouderdom van 16 jaar bereik en dan die skool verlaat.[4] Na 1950 het die nuwe beleid bepaal dat 'n kind op 13+ na die hoërskool oorgeplaas moet word om minstens drie jaar middelbare onderwys te kan ontvang.[5] Geen leerling kon nou meer die skool vanuit die laerskool

---

1) Groenewald, A.J. Development of Agricultural Education in Transvaal (In Onderwysbulletin, 6,4: p.218).
2) T.O.D.-verslag, 1948, p.33.
3) Loc.cit.
4) Vgl. T.O.D.-handboek van instruksies, 1948, p.52.
5) Id., 1956/57, p.49.

verlaat nie en daar was dus ook geen behoefte aan 'n afgeronde kursus in die laerskool nie. Die Nicol-kommissie wys reeds daarop dat die taak van laer onderwys inleidend en voorbereidend moet wees; dit moet die basiese kennis verskaf vir voortgesette onderrig aan die middelbare skool waar die omvattende opvoedingstaak afgerond moet word.[1)]

Laer onderwys is in twee skooltipes aangebied, nl. die alombekende laerskool en die juniorskool.

a. <u>Die laerskool</u>

Die laerskool het voorsiening gemaak vir graad (i) tot en met st.V of VI, of waar 'n juniorskool in sy voedingsgebied geleë was, slegs van st. II tot st.V of VI. Daar was egter ses klasse laerskole: van die nederige eenmanskooltjie (Klas F) tot die groot laerskool met 400+ leerlinge. Die gebruik bestaan dan ook in die volksmond om die kleiner skooltjies te tipeer volgens die aantal onderwysers wat daaraan verbonde was.

In 1940 was daar 268 van hierdie klas F-skole.[2)] Deur grootskaalse sentralisasie in die volgende dekade het hulle verminder tot 97 in 1950.[3)] Daarvandaan was daar 'n statiese toestand want teen 1961 het hulle slegs met 4 verminder tot 93.[4)]

Die uitwerking van die sentralisasiebeleid en die toestroming na die stede spreek baie duidelik uit die volgende tabel:

---

1) Nicol-verslag, par.260.
2) T.O.D.-verslag, 1940, p.40.
3) T.O.D.-verslag, 1950, p.55.
4) Id., 1961, p.48.

Tabel 2 [1]

Vermindering van laerskoolbevolking op die platteland

| | Inskrywing | | Vermeer= der of verminder | Persen= tasie hiervan |
|---|---|---|---|---|
| | 1938 | 1948 | | |
| Pretoria | 12 000 | 17 500 | plus 5 500 | plus 46% |
| Rand | 60 000 | 72 000 | plus 12,00 | plus 20% |
| Provinsiale dorpe | 20 000 | 32 000 | plus 12,00 | plus 60% |
| Platteland | 45 500 | 36 500 | min 9 000 | min 20% |

As die skoolbevolking van die dorpe en die platte= land bymekaargetel sou word, kry ons in die gebiede buite Pretoria en die Rand slegs 'n styging van 65 500 tot 68 500, dit is 3 000 of 4½ persent vir die tien jaar. [2]

(1) Toelating tot die skool

Die gebruik het nog bestaan dat beginners half= jaarliks toegelaat is. Vir die sewejariges was dit verpligtend en sesjariges kon ook op dieselfde wyse halfjaarliks toegelaat word. [3]

Hierdie reëling het dus veroorsaak dat die laer= skole in die tweede helfte van die jaar opnuut 'n begin= nersgroep moes instel of indien die getalle dit nie reg= verdig het nie, moes die kindertjies by die groep in= geskakel word wat reeds 'n halfjaar in die skool was en moes dan agtien maande in graad (i) vertoef.

1) Id., 1948, p.11.
2) Loc.cit.
3) T.O.D.-verslag, 1948, p.4.

(2) Die boonste grens van die laerskool

Die vraagstuk of st. VI by die laerskool behou moes word en of die kursus by st. V moes eindig, het tot baie besinning gelei in die era voor 1950. Die Nicol-kommissie het ook baie aandag daaraan geskenk en die voordele en nadele deeglik oorweeg. Ten tye van hul= le ondersoek (1937-1939)het baie leerlinge nog die leerpligtige ouderdom bereik terwyl hulle nog op laer= skool was en die skoolverlaters onder hulle het nie 'n verwisseling van skole verwelkom nie. 'n Afgeronde kursus aan dieselfde skool was vir hulle voordeliger en hulle wou ook nie hulle posisie van senioriteit prys= gee vir 'n jaar van juniorskap aan 'n hoërskool waar hulle opnuut moes aanpas nie.[1]

In 1950 was daar nog 16,54% skoolverlaters in st. VI teenoor 'n onbenullige 2,05% in st. V.[2] Die be= lange van die 83,46% kon egter nie opgeoffer word ter wille van die skoolverlaters alleen nie. Hulle het al= mal die puberteitsjare bereik en die hoërskool was beter toegerus om hulle te ontvang as wat die laerskool was om hulle te behou.[3] Die Kommissie beveel dan ook aan dat st. VI na die hoërskool oorgeplaas moes word. Die Departement het in beginsel hiermee saamgestem maar wys daarop dat dit jare sou duur voordat algehele uitvoering daaraan gegee kon word omdat die nodige plaasruimte en personeel daarvoor verskaf moes word.[4] Finaliteit is eers na 1950 hieraan gegee, deels omdat dit 'n integreren= de deel van die differensiasieplan uitgemaak het.

---

1) Nicol-verslag, par. 256.
2) T.O.D.-verslag, 1950, p.78.
3) Nicol-verslag, par. 257.
4) T.O.D.-verslag, 1939, p.16.

(3) Oorplasing volgens ouderdom

Hierdie kwessie was nóú verwant aan bogaande.

Die Nicol-kommissie bevind dat daar 'n groot aantal kinders bo die normale ouderdom vir st. V was.[1] In 1939 was die normale ouderdom vir die standerd 13,03 jaar en 22,5% van alle st. V's was bokant die ouder= dom.[2] In 1950 was die normale ouderdom 12,96 en 15,3% was daarbo.[3] Die ouderdomsmediaan van 'n stan= derd word sterk deur die toelatingsouderdom en die heersende druipsyfer beïnvloed, en vergelykenderwys kan ons slegs noem dat dit in 1961 weens die toelating van vyfjariges reeds afgekom het tot 12,45 jaar vir st.V.[4]

Om leerlinge sonder meer volgens chronologiese ou= derdom te bevorder, sal meebring dat leerlinge met ver= skillende verstandsouderdomme in een klas saamgegroepeer word terwyl homogene groepering op grond van prestasie die mikpunt behoort te wees. Die beleid van die De= partement was dat die leerplan vir 'n standerd gebaseer word op die vermoë van die gemiddelde kind van normale ouderdom vir 'n bepaalde standerd. Volgens die oordeel van die Nicol-kommissie sou 75% van die normale leer= linge dus nie geraak word indien 'n bepaalde ouderdom vasgestel word waarop leerlinge na 'n hoërskool oorge= plaas moes word nie. Hulle beveel gevolglik aan dat laerskoolleerlinge op 14+ oorgeplaas word na 'n hoërskool ongeag die standerd waarin hulle hul bevind en dat dit later tot 13+ verminder word.[5] Oor wat van hierdie

---

1) Nicol-verslag, par.261.
2) T.O.D.-verslag 1939, p.185, Bylae IV.
3) Id., 1950, p.81.
4) Id., 1961, p.55.
5) Nicol-verslag, par. 265.

leerlinge in die hoërskool moes word, het hulle nie dui=delikheid gehad nie.

Nes vir die oorplasing van st. VI sou vir hierdie aan=beveling ook eers aanvoorwerk gedoen moes word en sou dit na 1950 een van die fasette van die nuwe onderwys=beleid word.

(4) <u>Die oorplasingseksamen</u>

Die openbare st. VI-eksamen is reeds al in 1924 af=geskaf maar het nog as 'n eksterne beurseksamen bly voort=bestaan tot 1942 toe dit finaal afgeskaf is.[1] Die oorplasing van st. VI-leerlinge was nou in die hande van die skoolhoof en die inspekteur. Om 'n kind se skolas=tiese peil behoorlik te kon beoordeel, moes deur die jaar 'n rekord gehou word van sy toets- en eksamenpunte. Vir dié doel is aan die einde van 1947 die kumulatiewe verslagkaart ingevoer wat in samewerking met die De=partement van Arbeid saamgestel is. Soos die naam aan=dui, is dit 'n kaart waarop inligting oor die kind se hele skoolloopbaan versamel word.[2]

Hierdie verslagkaart is vir die skool self 'n handi=ge en waardevolle dokument, veral met die oog op advies aan ouers t.o.v. kursuskeuse van hulle kinders en vir algemene administratiewe doeleindes. Vir die Departe=ment van Arbeid is dit ewe waardevol met die oog op plasing van 'n leerling in 'n betrekking.

(5) <u>Algemeen</u>

Die laerskool is in die bevoorregte posisie dat dit die kind in sy ontvanklikste stadium onder sy sorg het.

---

1) Coetzee, op.cit., p.310.
2) T.O.D.-verslag, 1948, p.6.

Hy word nog maklik gelei en aanvaar die leiding van sy onderwysers sonder voorbehoud. Dit plaas egter 'n ont=saglike verantwoordelikheid op die hoof en personeel; soveel goed kan gedoen word maar die veld lê ewe braak vir die bose. Dit is veral noodsaaklik dat die kind in die laerskool nie in die massa moet verdwyn nie. Die Nicol-kommissie beveel aan dat laerskole nie die 450-perk moet oorskry nie.[1]

b. <u>Die Juniorskool</u>

Juniorskole bestaan reeds meer as vyftig jaar in die onderwysstelsel van Transvaal. Vir alle praktiese doeleindes, soos administrasie en organisasie, word hulle deur die Departement as laerskole beskou. Hulle maak voorsiening vir leerlinge van graad (i) tot st. I of II en word toegestaan alleen waar laerskole te groot word en ook weens groterige afstande van die laerskole af.[2] Daarom word hulle ook slegs in stede en in die digter bevolkte plattelandse dorpe aangetref.

Juniorskole kom tot stand indien daar nie uit=breidingsmoontlikhede op die bestaande terrein is nie. Waar die laerskool te groot word en 'n vertikale verde=ling, d.w.s. nog 'n laerskool, die bestaande skool te nadelig tref, word ook besluit op 'n horisontale verde=ling en word 'n juniorskool in die onmiddellike omge=wing van die laerskool opgerig. 'n Sterk oorweging vir die oprigting van juniorskole is ook die gebrek aan bevorderingsgeleenthede vir dames wat wel bevordering verdien in die gewone laerskole. Dit is beleid van die

---

1) Nicol-verslag, par. 254.
2) T.O.D. Onderwysburo. The Junior School in the Educational System of the Transvaal (<u>In</u> Onderwys=bulletin, 3,1: p.63).

Departement dat die juniorskool die terrein van die dames is. [1]

Toe alle laerskole nog oor st. VI-klasse beskik het, kon hulle geredelik afstand doen van die grade en st. I, dog in die veertigerjare het die meeste stedelike laerskole slegs tot by st. V gegaan en dit het die bestaansreg van die juniorskole in die gedrang gebring. Die meeste juniorskole is dan ook in die dertigerjare gestig sodat daar reeds 40 in 1940 bestaan het, dog daarna het hulle aantal verminder vanweë inlywing en 'n onwilligheid van die kant van die Departement om nuwe junior-skole te stig. [2]

Die Nicol-kommissie het die toevoeging van 'n dame aan die inspektoraat verwelkom juis vanweë die behoeftes van die juniorskole. [3] In die verslag van die Kring Rand-sentraal waar sy werksaam was, word daarop gewys dat die hele opset van juniorskole naas laerskole nie na wense was nie. Dit is noodsaaklik dat die twee skooltipes bymekaar moet wees omdat die meeste kinders uit dieselfde huise albei moet besoek en die ouer kinders die kleintjies onder hul sorg moet neem. Daar word aanbeveel dat die twee skole op dieselfde terrein moet staan, wesentlik eintlik as 'n eenheid onder twee hoofde. [4] Dieselfde verslag waarsku dat juniorskole ernstige aandag van Departementsweë verg ten einde onoorkomelike moeilikhede in die toekoms te voorkom. Dit staan nogal in kontras met die gunstige verslag wat die Nicol-kommissie in dieselfde jaar oor

---

1) T.O.D.-verslag, 1939, p.112.
2) Omsendbrief nr.1 van 1952. Vgl. ook T.O.D.-verslag 1939, p.113.
3) Nicol-verslag, par. 244(c).
4) T.O.D.-verslag, 1939, p.113.

juniorskole uitgebring het waar hulle o.a. aanbeveel het dat die Departement moet voortgaan om juniorskole op te rig. 1)

Tot 1950 was dit dan beleid van die Departement om juniorskole waar hulle bestaan geregverdig was, op te rig en hulle gewoonlik eenvoudig as primêre skole te beskou wat gelykberegtiging naas laerskole geniet onder=worpe aan die gradering waarop hulle inskrywing hulle geregtig gemaak het. Hulle sou besoek word deur leer=linge van graad (i) tot en met st. I en waar hulle naas 'n sterk laerskool staan, kon ook st. II gehuisves word maar geen leerling bo 11 jaar nie. 2)

4. Spesiale Onderwys

As hierdie aspek van die onderwysontwikkeling in oënskou geneem word, blyk dit dat spesiale onderwys, d.w.s. onderwys van die afwykende kind, hetsy verstan=delik, sintuiglik, liggaamlik of gedragsafwykend, voor 1950 baie afgeskeep was. Die dertigerjare is geken=merk deur 'n hopelose agterstand wat amper neergekom het op 'n „laat-maar-vaar"-beleid terwyl die veertigerjare die tydperk was van ontwaking en voorbereiding vir 'n werklik konstruktiewe beleid wat na 1950 gevolg het. 3)

Na sporadiese pogings met spesiale klasse vir ver=standsafwykendes in Pretoria en Johannesburg, het die eerste spesiale skool in Transvaal eers in 1931 in Moun=tain View, Pretoria, tot stand gekom. 4)

1) Nicol-verslag, par. 243.
2) D.O. nr. 3 van 1945 en T.O.D.-verslag, 1945, p.11.
3) Vgl. T.O.D.-verslag, 1919, p.118, en „Eeu van On=derwys in Pretoria, 1855-1955", (saamgestel deur Pretoriase Onderwyskollege, 1955), p.109.
4) Eeu van Onderwys in Pretoria, 1855-1955, p.109.

In 1936 is dr. M.J. Prinsloo as beroepsvoorligter en dr. Valks as departementele psigoloog aangestel en dit was 'n positiewe stap vooruit vir spesiale onderwys.[1] In 1937 volg Wet Nr. 43 van 1937 wat die Minister van Onderwys magtig om 50% van die koste van spesiale onderwys te dra en waardeur dit verpligtend gemaak word vir afwykende kinders om spesiale klasse by te woon.[2]

Die aanklag van „laat-maar-vaar" word geregverdig deur die getuienis van die departementele sielkundige voor die Nicol-kommissie van 1937. Slegs kinders wat vir <u>drie jaar</u> vertraag is, word na 'n sielkundige vir ondersoek verwys. Terselfdertyd het die Departement instruksies uitgevaardig dat leerlinge vir hoogstens <u>twee jaar</u> in dieselfde klas gehou mag word. Uit dieselfde getuienis blyk dat onderwysers ook ontmoedig word omdat kinders wat wel gerapporteer is, weens gebrek aan toereikende geriewe nie in spesiale klasse of skole opgeneem kon word nie. Die Kommissie beveel gevolglik aan dat alle kinders wat drie jaar oor die gemiddelde ouderdom is, aan 'n ondersoek onderwerp moet word en dat die nodige voorsiening vir spesiale skole of klasse gemaak moet word.[3]

Na die aanname van Wet nr. 43 van 1937 was daar relatief gesproke vordering in die sin dat die geringe getal van 284 leerlinge wat in 1936 spesiale onderrig ontvang het, verdubbel het tot 562 in 1940. Dit was egter uiters onbevredigend indien in aanmerking

---

1) A.O. nrs. 8 en 17 van 1936.
2) Interdepartementele Komitee oor Afwykende Kinders, 1945, par. 29. (Kortliks genoem Malan-verslag, 1945).
3) Nicol-verslag, 1939, par.335 en 336.

geneem word dat daar beraam is dat in 1937 reeds 4 000 leerlinge spesiale onderwys nodig gehad het. [1]

Om die tekort aan onderwysers vir spesiale onderwys die hoof te bied, is in 1939 'n spesiale kursus van 6 maande aan die Potchefstroomse Onderwyskollege begin. Dit is later verleng tot 'n jaarkursus.[2]

Waar daar in 1937 nog twee spesiale skole in Transvaal bestaan het, nl. Mearsstraat, Pretoria, en Troyeville, Johannesburg, en 22 spesiale klasse, het in 1943 net Mearsstraat oorgebly met slegs 27 leerlinge en 66 spesiale klasse met 831 leerlinge. Die feit dat net 12 gesertifiseerde leerlinge nodig was om 'n spesiale klas aan 'n skool te stig, het die spesiale skole 'n knou toegedien.[3]

Die ontoereikendheid van spesiale onderwys spreek uit die feit dat die departementele psigoloog nie skroom nie om in sy verslag vir 1943 te praat van 'n „onbevredigende gang" en 'n „ewige gejaagdheid merendeels om te voorkom dat die bestaande klasse sal leegloop.... onder sulke omstandighede is deeglike sistematiese en konstruktiewe werk onmoontlik en dit lei ten slotte tot baie min."[4]

Die verslag van 1945 gaan in dieselfde gees voort en daar word ook gewys op die behoefte aan kinderleiding=

---

1) Loc.cit.
2) A.O. nr. 5 van 1938.
3) T.O.D.-verslag, 1943, p.123.
4) Loc.cit.

klinieke vir die toenemende getal gedragsafwykende kinders. Slegs Johannesburg het een gehad wat deur private persone beheer is. Hierdie leerlinge moes maar onder die sorg van die sielkundige in die gewone klasse bly en die ernstige gevalle moes hulle weg eers deur die kinderhof vind. 1)

'n Gebeurtenis van landswye belang vir spesiale onderwys was die benoeming van 'n Interdepartementele Komitee na Afwykende Kinders in 1942. Die verslag is in 1945 vrygestel en bevat waardevolle aanbevelings en ook 'n konsepwet vir spesiale onderwys wat in 1948 gelei het tot Wet Nr. 9 van 1948 of die Wet op Spesiale Onderwys. 2)

Hierdie Wet behels veral die oprigting van spesiale klasse en skole, die verpligte bywoning van spesiale siale klasse of skole deur gesertifiseerde afwykendes, verdere bywoning deur sulke kinders nadat hulle die grense van die gebruiklike leerplig reeds oorskry het, die stigting van klinieke en die behandeling van gedragsafwykende kinders. 3)

Vir die eerste maal word hier nou 'n beskrywing gegee van „buitengewone onderwys", nl. opleiding in handel, landbou, huishoudkunde en die ambagte en nywerhede. Dit was 'n deurbraak op die terrein van die Unie-onderwysdepartement. Die Wet maak ook voorsiening vir wedersydse oorplasing van skole tussen die departemente asook vir die personele van die skole. 4)

---

1) T.O.D.-verslag, 1945, p.140.
2) Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1948, p.39.
3) Id.
4) Id., art.9.

ʼn Vaste komitee, nl. die Interdepartementele Komitee vir Afwykende Leerlinge, is ook deur die Wet in die lewe geroep. Die hooffunksie van die Komitee was om adviserend en koördinerend op te tree t.o.v. alle aspekte van spesiale onderwys sodat oorvleueling tussen departemente uitgeskakel kon word. [1]

In ʼn latere hoofstuk wat slegs oor spesiale onderwys gaan, sal, waar toepaslik, na sekere artikels van hierdie Wet verwys word. Hierdie Wet sou nou as basis dien vir die ontwikkeling van spesiale onderwys na 1950.

Die toestand ten opsigte van die afwykende kind was dan onmiddellik voor 1950 as volg:

a. Vir verstandelik-vertraagdes

Daar is spesiale onderrig aan 1 110 leerlinge in 2 spesiale skole met 23 onderwysers en in 86 spesiale klasse met 88 onderwysers gegee. Die gemiddelde getal leerlinge per onderwyser was 12,6. Slegs 22 van die 88 onderwysers was opgelei vir dié soort werk. ʼn Statiese toestand is tussen 1946 en 1949 bereik; die getal gesertifiseerde agterlikes het konstant gebly in weerwil van die skoolbevolking wat met etlike duisende toegeneem het. Teen die berekende 4,5% van die skoolbevolking sou die getal agterlikes op 7 000+ te staan gekom het terwyl spesiale onderwys slegs vir 1 110 verskaf is. [2]

---

1). Id., art.17 en 18.

2) T.O.D.-verslag, 1949, p.144. Vgl. ook Du Preez, dr. N.J. Toespraak by konferensie van Spesiale Onderwys, 4 Okt. 1948 (In Die Volkstem, 4 Okt. 1948).

Verskonings vir die toestand is vrylik aangebied. Die Hoofsielkundige skryf dit in 1949 toe aan 'n nypende tekort aan lokale a.g.v. 'n agterstand in die bouprogram. [1] Die Direkteur skryf dit in 1950 toe aan 'n „besluitlose beleid ten opsigte van die spesiale klas teenoor die spesiale skool". Die Departement het besef dat sulke skole op die platteland noodwendig van koshuisgeriewe voorsien moes word en dit was 'n duur item op 'n begroting. [2]

b. <u>Vir spraakgebrekkige kinders</u>

9 poste vir spraakterapeute is in 1947 goedgekeur dog kon die grootste deel van die tyd slegs gedeeltelik gevul word deur tydelike bekleërs. Dit het aansienlike skade aan die deurlopendheid van die werk berokken: Slegs die Universiteit van die Witwatersrand het logopedici opgelei, waarvoor hulle 'n subsidie van bykans R5 700 van die Departement ontvang het. Die toestand was oor die algemeen baie onbevredigend. [3]

c. <u>Vir hardhorendes</u>

In 1942 het twee onderwysers spesiale opleiding aan die Skool vir Dowes te Worcester ontvang. Daarna is 'n rondreisende diens ingestel wat later as heeltemal ondoeltreffend bestempel is en in die loop van 1950 gestaak is. [4]

---

1) T.O.D.-verslag, 1949, p.144.
2) Id., 1950, p.22.
3) T.O.D.-verslag, 1950, p.23.
4) Id., p.24.

d. Vir gedragsafwykende kinders

Hierdie kinders met gedragsafwykende neigings soos diefstal, stokkiesdraai, oneerlikheid, seksabnormaliteite, e.d.m., is na die Sielkundige Diens verwys vir terapeutiese behandeling, maar steeds in die gewone skoolverband. Moeilike gevalle moes na Volkswelsyn verwys word vir stappe ingevolge die bepalings van die Kinderwet van 1937.[1] Geen fasiliteite vir afsondering het nog bestaan nie aangesien die Loopspruitskool eers in 1952 gestig is.

e. Vir liggaamlik-afwykendes

(1) Kinderhospitaal, Johannesburg

Interne klasse vir kinders wat langdurig in die hospitaal moet vertoef, is in 1943 begin. Vir administratiewe doeleindes is hulle ingeskakel by die Spes Bona-skool in Johannesburg. Die resultate was bevredigend. Hier dien gemeld te word dat met ingang van die begin van 1950 sulke klasse ook aan die Kinder- en Ortopediese Hospitaal in Pretoria gestig is.[2]

(2) „Hope Convalescent and Hope Training Homes", Johannesburg

Hierdie inrigting wat bestaan uit twee afdelings, nl. die Herstellingstehuis vir leerlinge vanaf graad (i)

---

1) T.O.D. Handboek van instruksies, 1948, p.82.

2) T.O.D. Onderwysburo, Werkstuk 66. 'n Ondersoek na die moontlikheid van die uitbreiding van spesiale opvoedkundige fasiliteite vir die onderrig van liggaamlik-gestremde leerlinge in Transvaal, Febr. 1961, p.7.

tot st. II en die Opleidingstehuis vanaf st. III tot st. VIII, is in 1928 gestig onder die sorg van die Transvaalse Kreupelsorgvereniging. Leerlinge is af= komstig van oor die hele land maar Transvaalse leerlinge word gratis toegelaat ooreenkomstig 'n voorwaarde van die oorspronklike skenking. Die inrigting ontvang ook 'n toelae van die Departement. [1)]

(3). <u>Skool vir Spastiese kinders te Forest Town</u>

Hierdie spesiale onderrig word verskaf deur die Transvaalse Vereniging vir die Versorging van Serebraal-verlamdes. Die skool is in 1949 in die ou Forest Town skool gestig en die Departement het R1 000 bygedra. In 1950 is die toelae verhoog tot R3 000 p.j. [2)]

(4) <u>Die Meerhofhospitaal vir chroniese siek kinders</u>

Hierdie hospitaal, hoofsaaklik vir hartlyers en asmagevalle, is naby Hartbeespoortdam geleë. Die De= partement het hier 'n eie skoolgebou waar gemiddeld 45 tot 50 kinders onderrig word deur 'n personeel van vier. [3)]

5. <u>Medium van onderrig</u>

Die suiwer opvoedkundige beginsel van onderrig deur medium van die moedertaal het in die onderwys ontaard in die sg. „voertaalvraagstuk" en was vanaf 1945 'n poli= tieke speelbal wat 'n baie nadelige uitwerking gehad het.

---

1) Loc.cit.

2) T.O.D.-verslag, 1950, p.25.

3) Loc.cit.

a. Dubbelmediumonderwys, 1945

Dubbelmediumonderrig is by Ordonnansie Nr. 5 van 1945 ingevoer. Die tweede taal moes geleidelik as medium van onderrig vanaf st. VI ingevoer word totdat dit teen 1951 gelykop met die moedertaal as medium van onderrig in alle middelbare klasse gebruik sou word.[1] Privaatskole en onderwyskolleges was ook by die Ordonnansie betrek.[2] Vir die eerste keer word daar ook voorsiening gemaak vir strafbepalings indien die Ordonnansie nie nagekom word nie.[3]

Die Departement het onmiddellik daartoe oorgegaan om uitvoering te gee aan die Ordonnansie deur 'n uitvoerige pamflet met die nodige wenke te sirkuleer.[4] Skole moes vakke kies wat deur middel van die tweede amptelike taal onderrig sou word. Daar was 'n mate van omseiling toe die meeste skole nie-eksamenvakke soos Sang of Liggaamlike Opvoeding gekies het.[5] Toe daar in 1947 reeds twee vakke betrokke was, het die Departement geëis dat een 'n eksamenvak moet wees.[6]

Onderwyskolleges het ook daartoe oorgegaan om sommige vakke deur medium van die tweede taal te doseer. Die opleiding met die oog op tweetaligheid is ook verskerp. 'n Groot aantal studente wat hul kursusse in 1946 voltooi het, kon dan ook as bevoegde tweetalige

---

1) Ordonnansie nr. 5 van 1945, art.3.
2) Id., arts. 9 en 11.
3) Id., art. 13.
4) A.O. nr. 13 van 1945.
5) A.O. nr. 1 van 1946.
6) A.O. nr. 6 van 1946. Vgl. ook Verslag, 1946, p.4.

onderwysers gesertifiseer word.[1]

Toe dit blyk dat die uitvoering van die beleid van dubbelmedium nie na wense was nie, het die Departement 'n kommissie onder voorsitterskap van hoofinspekteur J.C. Markotter in 1948 benoem om ondersoek in te stel en skaafplekke te verwyder.[2]

Die bevinding van die Kommissie was dat die dub=belmediumbeleid nie die gewenste doel, nl. van tweeta=ligheid, bereik het nie. Dit het die gesindheid teen=oor die ander taal benadeel, die peil van bekwaamheid in vakke verlaag, die leerling se keuse van vakke nade=lig beïnvloed en ernstige organisasie- en personeel=moeilikhede in skole veroorsaak. Hulle beveel aan dat algehele vryheid aan skole gelaat moet word om tweeta=ligheid te bevorder.[3]

Die nuwe ordonnansie wat in September 1948 aange=neem is, het taamlik skietgegee op die bepalings van 1945. Waar moedertaalmedium voorheen verpligtend was tot st. V maar ook die tweede taal as medium toegelaat het, het die Ordonnansie van 1948 hierdie skuiwergat toegestop want die vorige toegewing het werklik daarop neergekom dat moedertaalmedium selfs nie tot st. V ver=pligtend was nie en menige Afrikaanse kind het hom in 'n Engelse skool bevind en bloedweinig andersom. Die 50-50-dubbelmedium van voorheen is nou verlig tot $1\frac{1}{2}$ uur

---

1) T.O.D.-verslag, 1946, p.4.
2) T.O.D.-verslag, 1948, p.3.
3) Id., 1949, p.7. Vgl. Die Transvaler, 8 Sept. 1948.

daarvan per week. Waar die hoof en die inspekteur voorheen die huistaal bepaal het, sou dit nou die hoof en die Direkteur wees.[1]

Waar voorheen verpligte dubbelmedium aan die onderwyskolleges gegeld het en eentalige onderwysers geen verhoging sou ontvang nie, is die dubbelmediumverpligting nou opgeskort en eentalige onderwysers sou wel hulle normale verhogings ontvang maar geen bevordering nie. Die 1948-Ordonnansie het dus nog 'n beperkte vorm van die dubbelmedium voorgestaan. Hierdie Ordonnansie het egter nooit in die wetboeke verskyn nie omdat 'n bewindsverandering plaasgevind het nog voordat dit geproklameer is.[2]

b. <u>Moedertaalonderwys</u>

Soos verwag, het die Nasionale Party ook in 1949 in die Provinsiale Raad aan bewind gekom en dadelik aandag aan die taalvraagstuk gegee. Die bestaande dubbelmediumbeleid is dan ook deur Ordonnansie 19 van 1949 vervang sodat elke kind voortaan sy onderrig in sy moedertaal sou ontvang.[3]

Die moedertaal sou tot by st. VIII die voertaal van die leerling bly in drie skooltipes, nl. Afrikaans-, Engels- en parallelmeduimskole. Voorkeur is egter aan moedertaalskole gegee en parallelmeduimskole sou slegs ingestel word waar die minderheidsgroep nie aparte skole regverdig nie.[4]

---

1) T.O.D.-verslag, 1949, p.7. Vgl. T.O. <u>Onderwysblad</u>, 1 Jan. 1950, p.1.
2) <u>Loc.cit.</u>
3) Ordonnansie nr. 19 van 1949, art. 3.
4) Id., art.4.

Waar die ouers 'n bepaalde skool verkies en beweer dat die kind ewe vaardig in albei tale is, moet hy deur die skoolhoof getoets word en sy beslissing is onderworpe aan die goedkeuring van die Inspekteur van Onderwys en in laaste instansie dié van die Direkteur. 'n Ontevrede ouer het die reg van appèl tot by selfs die Administrateur.[1]

Die privaatskole is ook ingesluit by die bepalings van die Ordonnansie. Toe dit blyk dat sommige van hulle die wet ontduik, is die Departement in 'n toetssaak gedwing wat dan ook deur die teenstanders van moedertaalonderwys op 'n tegniese punt gewen is. Dit was egter 'n Pyrrhusoorwinning want in die daaropvolgende appèlhofsaak is die beslissing tersyde gestel en die Administrateur is in die gelyk gestel.[2]

6. Die onderwyspersoneel

Die toestand voor 1950 was allesbehalwe rooskleurig. Daar was 'n geringe groei in die totale aantal studente aan die vier onderwyskolleges vanaf 1945 tot 1949, dog die getal studente wat in dieselfde tydperk afstudeer het, het feitlik staties geword en dit was 'n onrusbarende verskynsel gesien in die lig van die steeds vermeerderende behoeftes as gevolg van 'n groeiende skoolbevolking. Die volgende tabel dien as illustrasie:

---

1) Id., art. 5.

2) T.O.D.-verslag, 1950, p.13. Vgl. The Star, 22 Junie 1951.

## Tabel 3 [1]

## Die groei van die onderwyskolleges 1945-1949

| Jaar | (a) Studen= tetal (b) Afge= studeer | Pretoria | Heidel= berg | Potchef= stroom | Johannes= burg | Skool= bevolking |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1945 | (a) 1 079<br>(b) 382 | 319<br>85 | 178<br>101 | 342<br>130 | 240<br>66 | 178 218 |
| 1947 | (a) 1 254<br>(b) 363 | 393<br>83 | 163<br>101 | 379<br>98 | 319<br>71 | 190 183 |
| 1949 | (a) 1 315<br>(b) 367 | 434<br>103 | 177<br>89 | 418<br>97 | 286<br>78 | 207 226 |

Die skoolbevolking het met 29 000 toegeneem en die studente wat afstudeer, toon 'n dalende neiging ten spy= te van 'n vermeerderde inskrywing. Dit dui op 'n toe= nemende persentasie kursusstakings.

Die verhouding van onderwysers tot leerlinge het gestyg van 1:26,1 in 1941 tot 1:27,4 in 1950. Op die oog af lyk dit nog baie gunstig maar daar moet in ge= dagte gehou word dat dit alle onderwysers insluit, ook die hoofde en onderhoofde. In die praktyk kan dit maklik neerkom op klasse van 35-40 leerlinge per onder= wyser. [2]

Die Departement het noodgedwonge verskeie maat= reëls moes toepas om die tekort die hoof te bied. Vroeg in 1945 is nuwe salarisskale aangekondig waarmee

---

1) T.O.D.-verslae, 1945, 1947 en 1949 (Onderwyskol= leges).

2) T.O.D.-verslag, 1950, p.59. Vgl. Onderwysbulle= tin, 8,4: p.191.

'n besliste poging aangewend is om met beter aanvangsa= larisse meer rekrute te lok. Die maksimum is ook verhoog om onderwysers te behou. 'n Kategorieëstelsel vir assistent-onderwysers is ingestel sodat die aan= vangsalaris ooreenkomstig die kwalifikasies vasgestel word. Die sogenaamde A- en B-poste is ook in die lewe geroep ten einde meer bevorderingsgeleenthede vir as= sistent-onderwysers te skep. Een uit elke vier poste in die laerskool sou A-poste wees en vir die hoërskool sou die verhouding 1:3 wees en vir die opleidingskolle= ges sou daar geen vasgestelde verhouding wees nie.[1)]

Gedurende 1947 het die U.K. die Direkteur oorsee gestuur om 'n honderdtal onderwysers in die Verenigde Koninkryk en elders te probeer werf. Hy het daarin geslaag om 82 te werf. Dit het juis geskied toe die voertaalvraagstuk a.g.v. die invoer van dubbelmedium op sy heftigste was. Die tweetaligheidsklousule in Ordon= nansie nr. 5 van 1945 het baie eentaliges, veral Engels= sprekendes, weerhou daarvan om onderwysers te word en tog word absoluut eentaliges van oorsee af ingevoer om die tekort te probeer aanvul.[2)]

In dieselfde jaar is die salarisskale ook opnuut hersien. 'n Belangrike verbetering in die diensvoor= waardes was ook dat tydelike onderwysers wat geskik is vir permanente benoeming nou op die permanente aflos= personeel gekom het.[3)]

In die volgende tabel word die 1947-skaal teenoor dié van 1945 gestel om die verbetering aan te toon:

---

1) A.O. nr. 6 van 1945 en T.O.D.-verslag, 1945, p.18.
2) T.O.D.-verslag, 1947, p.6. Vgl. Die Transvaler, 4 Des. 1947.
3) Loc.cit.

Tabel 4 [1]

Die verspreiding van die onderwyspersoneel volgens 1945- en 1947-skale

| Salarisgroep | 1945 | | | 1947 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | Vroue | Totaal | Mans | Vroue | Totaal |
| R 201 - R 400 | 2 | 29 | 31 | 22 | 88 | 110 |
| R 401 - R 600 | 38 | 1382 | 1420 | 134 | 514 | 648 |
| R 601 - R 800 | 378 | 1185 | 1663 | 359 | 1273 | 1632 |
| R 801 - R1 000 | 649 | 623 | 1272 | 570 | 1104 | 1674 |
| R1 001 - R1 200 | 711 | 34 | 745 | 445 | 471 | 916 |
| R1 201 - R1 400 | 1201 | 5 | 1206 | 797 | 156 | 953 |
| R1 401 - R1 600 | 308 | 2 | 310 | 1683 | 39 | 1722 |

Die oorwig vir mans en dames in die twee skale is met hakies aangetoon. Dit dui dus oor die algemeen op 'n verbetering van R200 per jaar en daar was dus geen ingrypende verligting of enigsins sprake van 'n nuwe salarisstruktuur nie.

In 1949 was omtrent 'n kwart van die totale onderwyspersoneel nie geskik vir permanente aanstelling nie. Hierdie tydelike personeel het bestaan uit getroude dames, pensioentrekkers en ongekwalifiseerde personeel. Hulle het waardevolle werk gedoen dog deur gedurige wisseling is die kontinuïteit in die onderwys ernstig benadeel. [2]

---

1) T.O.D.-verslae, 1945 en 1947, pp.37 en 29.
2) T.O.D.-verslag, 1949, p.9.

Die toestand was so ernstig dat 500 van die onge=kwalifiseerdes nie eers gematrikuleerd was nie. Die Direkteur beklae ook die feit dat die Departement tot die onprofessionele stap oorgegaan het, nl. om dames wat 'n driejaarkursus gevolg het aan te raai om hulle kursusse met 'n jaar te verkort.[1]

Vanaf 1940 tot 1950 het die onderwyspersoneel toe=geneem vanaf 6 037 tot 7 670. Dit was 'n toename van 27,0%. Die leerlingtal het toegeneem van 159 021 tot 210 377; 'n toename dus van 32,3%. Dit is dus duide=lik dat die Departement wat onderwysvoorsiening betref, aan die verloorkant was.[2]

C. Behoefte aan hervorming

Soos reeds aangetoon, was die Nicol-verslag van 1939 die voorloper t.o.v. 'n intensiewe ondersoek, met gepaardgaande positiewe aanbevelings. Die uitbreek van Wêreldoorlog II en sy naweë het egter omstandighede so verander dat daar nie uitvoering gegee kon word aan som=mige van die aanbevelings nie en toe omstandighede weer gunstiger was, het nuwe vraagstukke reeds ontstaan wat op hul beurt aan ondersoek onderwerp moes word. Vir die Nicol-kommissie was die instelling van junior hoër=skole en skoolplase prysenswaardig, maar daarna het hul=le 'n mislukking geblyk te wees; 'n stelsel het misluk en tot niet gegaan, maar die probleem wat tot die stelsel aanleiding gegee het, het nog steeds bestaan en in om=vang toegeneem, nl. die verskaffing van gedifferensieer=de middelbare onderwys om aan te pas by die behoefte van elke kind.

---

1) T.O.D.-verslag, 1950, p.17.
2) Id., 1949 en 1950, pp.29 en 59.

'n Toename van bykans 'n derde in die skoolbevolking teen 1950 en die heterogene aard daarvan, het 'n nuwe behoeftestruktuur laat ontstaan; veral daar die Provinsie nie 'n vrye hand in al die vertakkinge van die onderwys gehad het nie. Beroeps- en tegniese onderwys was die gebied van D.O.K.W. en weens die verdeelde beheer kon die Provinsie uiters 'n beperkte hoeveelheid van dié onderwys aanbied en moes hom origens bepaal by algemene onderwys.[1)]

1. Die De Villiers-kommissie

Hierdie Kommissie, bestaande uit twee opvoedkundiges en drie leke, is deur die Sentrale Regering benoem om ondersoek in te stel na tegniese en beroepsonderwys. Die verslag het aan die einde van 1948 die lig gesien. Die Kommissie het sy opdrag wyer gesien en ook ondersoek ingestel na die voorbereiding vir beroepsonderwys en dus beland op die terrein van die provinsiale onderwys.[2)]

Die samestelling van die Kommissie het veral in onderwyskringe baie kritiek uitgelok. Die vraag is gestel of die Kommissie nie 'n waardevolle bydrae sou gelewer het indien sy lede die agtergrond van opvoedkundige opleiding en van praktiese ervaring gehad het nie.[3)] Gesien in die lig van elke professie of beroep se gesteldheid op sy eie beskikkingsreg, was hierdie samestelling werklik onbedagsaam indien dit dan nie doelbewuste verkleinering was nie.

---

1) Vgl. Nicol-verslag, par. 49 en T.O.D.-verslag, 1950, p.15, par. 4.
2) Bot, A.K. Die De Villiers-rapport - inleiding en kritiek. Inspekteurskonferensie, Mei 1949, p.1.
3) V.O.T.M.S. Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Nov. 1949, p.5.

'n Ander gesigspunt mag wees dat dit miskien juis nodig was om die onderwys te onderwerp aan 'n ondersoek van objektiewe beoordelaars wat vry was van moontlike benepenheid, eiebelang en eensporigheid. 'n Jurie word immers nie saamgestel uit regsgeleerdes nie.

Dat daar 'n behoefte aan 'n ondersoek met nasionale trefwydte was, was selfs in 1949 al 'n gemeenplaas. Na bykans veertig jaar was daar nog geen sprake van nasio= nale onderwys in Suid-Afrika nie. Die Kommissie was dan ook diep getref deur die rol wat provinsialisme in die onderwys gespeel het en die gevolglike gebrek aan 'n nasionale siening.[1] Dat 'n stelsel van verdeelde beheer tussen die provinsies en die sentrale regering vanaf 1925, toe dit deur geldnood van die provinsies ontstaan het, nog steeds kon bly voortbestaan, was vir die Kommissie ook ewe onbegryplik.[2]

Middelbare onderwys in die provinsies, en veral in die junior hoërskole in Transvaal, het deels bestaan uit 'n suiwer akademiese rigting met die oog op universi= têre opleiding en deels uit beroepsgekleurde onderwys waar vakke soos Boekhou, Tik- en Snelskrif, Landbou, Houtwerk, Metaalwerk, Huishoudkunde e.a. deel van 'n Skooleindkursus uitgemaak het.[3]

Die verslag benadruk ook die ontwikkeling van die mens met al sy vermoëns. Die leerling moet die lewe tegemoetgaan met 'n blywende begeerte na kennis en self= verbetering wat o.a. gegrondves is op ingeskerpte sedelike waardes. Die onderwysstelsel moet daarin slaag om by die adolessent belangstellings en moontlik=

---

1) De Villiers-verslag, p.4.
2) Id., par.73.
3) Id., par.103.

nede te ontwikkel wat hom sal help om 'n nuttige vol=wasse lewe te voer.[1]

Nadat die ontleedmes ingelê is, het die De Villiers-kommissie voor die dag gekom met 'n nasionale onderwys=skema wat die volgende behels:

a. Voorskoolse of kleuteronderwys op staatkoste vir kinders tussen 3 en 6 jaar.[2]
b. Die laerskool: Vanaf graad (i) tot st. V of op ouder=dom van ± 6 jaar tot ± 13 jaar.[3]
c. Die junior hoërskool: Hierdie skool, wat vir die ju=nior adolessent (14-16 jaar) bedoel is, moet in die eerste plaas voorsien in gemeenskaplike onderwys. Beroepsvakke soos Boekhou, Tik- en Snelskrif, Hand=werk, Huishoudkunde, Landbou, ens., moet aangebied word.[4]
d. Die hoërskool: Dit behels eintlik twee jaar na vol=tooiing van die junior hoërskoolkursus en word bedoel vir die senior adolessent (15-17/18 jaar). Daar word ook onderskeid gemaak tussen beroepshoërskole en aka=demiese hoërskole.[5]

Afgesien van sy samestelling, is die bevindinge en aanbevelings van die De Villiers-kommissie ook nie oral ewe vriendelik ontvang nie. Die S.A.T.A. wys daarop dat die kommissie saamgestel was om tegniese en beroeps-

---

1) Id., par. 161-170.
2) Id., par. 244-248.
3) Id., par. 249-259.
4) Id., par. 273-276. Vgl. ook D.O. nr. 6 van 1944.
5) Id., par. 277.

onderwys te ondersoek maar: „unfortunately this commis= sion magnified its office and instead of reporting on Technical and Vocational Education it expounded its views on the whole of our educational system from the nursery school to the university, being imbued, appa= rently with a vaguely benevolent desire to institute 'secondary education for all'...... it is our view that many of the worst defects in our educational system to= day stem from the finding of the De Villiers Report." 1)

Direkteur W. Orban wys daarop dat die Verslag in 'n nasionale onderwysraad kulmineer waarin die provinsies slegs vier verteenwoordigers sal hê; dit kom dus op uniale beheer neer. Die voorgestelde middelskool sal 'n „rommelkamer van onderwys" wees waar geen bande aan leerplanne gelê word nie. „Dis 'n heterogene massa wat daar is om hulself te geniet en aan te pas by die so= siale aspekte van die lewe.... byna 'n soort klarings= huis". 2) Hierdie benadering van direkteur Orban dui op teenkanting teen 'n komprehensiewe aard in 'n skool en die vraag ontstaan in watter rigting hy middelbare onderwys sou gestuur het indien dit hom gegun was om langer in Transvaal in beheer te bly. Na die beëin= diging van die stelsel van junior hoërskole was hy in elk geval gekonfronteer met 'n „heterogene massa" in die hoërskool.

Om herhaling te voorkom, word sommige aanbevelings van die De Villiers-verslag in die volgende afdeling

---

1) S.A.T.A. Education, Aug. 1963.
2) Orban, W. Toespraak voor V.O.T.M.S.-kongres soos aangehaal in Die Transvaler, 7 Okt. 1949.

genoem waar dit teenoor aanbevelings van die Lynch-komitee gestel word.

2. <u>Die Lynch-verslag, 1949</u>

Die Transvaalse Onderwysdepartement het 'n departementele komitee met inspekteur J.R. Lynch as voorsitter benoem om op al die implikasies van die De Villiers-verslag in te gaan ten einde aan te toon hoe dit die Transvaalse onderwys raak en hoe die aanbevelings daarin tot voordeel van Transvaalse onderwys gebruik kon word.[1]

Die De Villiers-kommissie het aanbeveel dat 'n nasionale onderwysadviesraad deur wetgewing ingestel word en daar moes selfs aan die raad wetlike magte verleen word. Die Lynch-komitee het die idee van so 'n raad gesteun, maar het geskerm teen wetlike gesag en wou die raad slegs adviserend sien omdat dit andersins die gesag van die provinsies in die gedrang sou bring.[2]

Die Lynch-komitee wou nie saamstem dat kleuteronderwys die verantwoordelikheid van die staat moes wees nie en wou die status quo gehandhaaf sien, nl. dat dit in die hande van private instansies moes bly en deur die staat en/of die provinsies gesubsidieer moes word.[3]

---

1) T.O.D.-verslag, 1949, p.8.
2) T.O.D. Verslag van die Departementele Komitee insake die verslag van die De Villiers-kommissie, 1949, p.5. (Genoem Lynch-verslag hierna).
3) Lynch-verslag, p.5.

Wat die laerskool betref, wou die De Villiers-kommissie dat bevordering volgens ouderdom moes plaasvind en dat die ouderdomsgrense vanaf 5+ tot 12+ moes strek. Die Lynch-komitee wou egter ook skoolprestasie in oorweging bring en het die grense bepaal by 5+ tot 13+ ter wille van leerlinge wat een jaar vertraag is. Die leerlinge moes in die laerskole 'n baie breë algemene agtergrond kry waarop die middelbare skole kon voortbou. [1]

Alle middelbare onderwys is oorspronklik deur die Unie-grondwet aan die provinsies toegewys. In die twintigerjare het die provinsies tegniese onderwys verloor omdat hulle nie geldelik die mas kon opkom nie. Ondersoekkommissies daarna het aanbeveel dat alle middelbare onderwys onder een liggaam moet staan. Slegs hoër landbouskole is teruggegee, en tegniese kolleges het onder uniale beheer gebly.

Ten spyte van hulle erkenning van die eenheidsbeginsel van onderwys, lê die De Villiers-kommissie neer dat daar 'n regverdigbare skeidslyn tussen algemeenvormende en tegniese onderwys getrek kan word en beveel aan dat Unie-onderwys alle beroepsonderwys moet behou. As gevolg hiervan beskuldig die Lynch-komitee die De Villiers-kommissie van inkonsekwensie en stem eerder saam met die Nicol-kommissie wat glo dat alle middelbare onderwys onder provinsiale beheer moes wees. Tog maak die komitee hier 'n uitsondering wat suiwer tegniese onderwys betref en beveel aan dat dit onder uniale beheer moet bly omdat dit in so 'n noue verband met die Departement van Arbeid met vakleerlingopleiding staan.

---

1) Id., p.6.

Handelsopleiding, Huishoudkunde en Landbou hoort egter by die provinsies tuis.[1)]

Waar die De Villiers-kommissie 'n 7-3-2-studieplan tussen die skooltipes voorstaan, wil die Lynch-komitee 'n 7-5-plan hê, d.w.s. 7 jaar laerskool en 5 jaar aan 'n hoërskool met die versekering van minstens 3 jaar hoërskool vir dié wat die skool aan die einde van die jaar waarin hulle 16 jaar word, wil verlaat.[2)]

Die De Villiers-kommissie het 'n rewolusionêre aan= beveling gedoen dat aspirant-studente 'n jaar na st. X 'n universiteitstoelatingskursus aan sekere hoërskole moet volg. Die Lynch-komitee beskou dié jaar, indien dit nodig is, as die verantwoordelikheid van die universi= teite omdat dit suiwer om hulle eie belange gaan.[3)]

Waar die De Villiers-kommissie die onderwyskolleges wou sien as onderafdelings van die universiteite, wou die Lynch-komitee dit onder provinsiale beheer behou om= dat die meerderheid van die onderwysers in diens van die provinsie is.[4)]

Die Kommissie en die Komitee stem saam dat 'n voor= ligtingsdiens noodsaaklik is en dat elke middelbare skool minstens een voorligteronderwyser moet hê.[5)]

As die twee verslae teenoor mekaar gestel word, is dit duidelik dat die De Villiers-kommissie wou ingryp in die tradisionele regte van die provinsies en dat die Lynch-komitee deurgaans geskerm het vir daardie regte. In die inleidende opmerkings het die De Villiers-kommis=

---

1) Id., par. 20.
2) Id., pp.9 en 10.
3) Id., par. 28-30.
4) Id., par. 32.
5) Id., par. 101.

sie juis melding gemaak het van die gebrek aan 'n nasionale uitkyk en die groot rol wat provinsialisme speel.

Die Lynch-komitee het dus afgestuur daarop dat alle middelbare onderwys voorsiening moet maak vir gedifferensieerde onderwys in slegs een skooltipe, nl. 'n soort komprehensiewe hoërskool. Die gevolg van die aanbevelings was dan ook die omskepping van sommige junior hoërskole in volwaardige hoërskole waar leerlinge dus op hulle tuisdorpe tot by st. X kon vorder. Dit het gelei tot 'n geweldige aanwas van middelbare leerlinge. Tussen 1947 en 1949 was die aanwas slegs ± 1 500 en van 1949 tot 1950 alleen was dit 5 345.[1]

Die skoolplase, wat by die samelewing in diskrediet verval het omdat hulle in baie opsigte nie aan die voorgestelde doel beantwoord het nie, word toegelaat om, behalwe vir handelsvakke, dieselfde opleiding as hoërskole te verskaf. By hulle val die klem op Landbou en Huishoudkunde.[2]

D. Slotsom

Met hierdie inleidende hoofstuk is daar gepoog om 'n oorsig te gee van die stand van onderwys wat die tydperk 1950-1963 voorafgegaan het. Die klem het hoofsaaklik geval op die onderwyspraktyk en hoe dit as grondslag moes dien vir die ontwikkeling wat na 1950 daaruit voortgespruit het.

'n Terugblik oor die veertigerjare toon dat dit 'n gebeurtenisvolle dekade was. Op staatkundige en militêre gebied was daar die suksesvolle deelname aan die

1) T.O.D.-verslae, 1947-1950.
2) T.O.D.-omsendbrief nr. 69 van 1950.

Tweede Wêreldoorlog; op ekonomiese terrein 'n ongeëwenaarde oplewing waaraan nou nog geen einde gekom het nie; op politieke gebied 'n bewindsverandering in 1948 en die daaropvolgende aanvang van 'n wêreldvervreemding teen Suid-Afrika as gevolg van sy uitgesproke kleurbeleid; op kulturele gebied die kleurryke onthulling van die Voortrekkermonument met die sterk eenheidsfront wat vir die Afrikaner daaruit voortgespruit het.

Aan die opvoedkundige front was daar die drie lywige onderwysverslae, t.w. die Nicol-, Wilks- en De Villiers-verslag en die invloed wat hulle sou uitoefen; die omstrede taalordonnansies van 1945, 1948 en 1949; die ommeswaai van die bestaande poging tot differensiasie na buite soos beliggaam in die hoërskole, junior hoërskole en skoolplase na 'n stelsel van differensiasie na binne soos beoog in die semi-komprehensiewe hoërskole; die volgehoue stryd van die Departement teen 'n steeds stygende onderwyserstekort.

Administratief was daar ook baie skommelinge in die laaste jare. Administrateur Pienaar en direkteur Kreft het 'n lang pad saamgeloop vanaf 1939 tot 1948. Genl. Pienaar is as Administrateur opgevolg deur dr. Nicol en mnr. Kreft is tydelik vanaf 1 September 1948 vervang deur die Sekretaris van Onderwys, mnr. J.F. Otten. Mnr. W. Orban, Direkteur van Onderwys in Suidwes-Afrika, is vervolgens op 1 Desember 1948 aangestel as Direkteur vir Transvaal. Hy het egter slegs 'n jaar diens gedoen toe hy skielik oorlede is op 22 Desember 1949, en weer moes mnr. Otten waarneem totdat die direkteursmantel op 1 Junie 1950 op dr. A.H. du Preez van Wyk geval het.[1]

---

1) Coetzee, J. Chr. Op.cit., p.314 en T.O.D.-verslag, 1950, p.1.